

## Gereformeerde Kerk Bellville – 22 Oktober 2017 – Oggend

### Sing vooraf staande: Psalm 110:1, 2 (p. 550)

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / “Sit aan my regterhand as hoogste HEER, tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 2 “Aan U, so hoog in heerlijkheid verhewe, / gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon, die heerserstaf oor wie u mag weerstrew. / Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!”

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde gescape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Lofpsalm 96:1, 4, 6 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke, en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 4 By Hom is sterkte<sup>en</sup> sieraad; daar / is mag- en pragvertoning, / waar God sit in sy woning. Gee dan, geslagte<sup>en</sup> volkeskaar, / gee prys en sterkte<sup>en</sup> eer / aan onse God en HEER.
- 6 Verkondig nou van mond tot mond: / oor al wat is, regeer Hy, / oor onreg triomfeer Hy – dus is die wêreld vas gegrond. / Die volkestryd beslis / Hy wat regverdig is.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

### Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee, deur wolke<sup>en</sup> donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod. Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade<sup>is</sup> al waar ons op pleit; gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

### Psalm 23:2, 3 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgevre, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan, en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan – dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn, 'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn; dit kroon my lewe met u welbehae; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

**Skriflesing:** Daniël 12:1-13; Matteus 24:15-31

**Kernverse:** Daniël 12:1-3

**En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryflik. En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.**  
(Daniël 12:1-3 AFR53)

**Tema:** Na al die swaarkry breek die heerlike ewigheid aan

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer ons by die laaste hoofstuk in die boek Daniël kom, is daar eers twee dinge wat ons moet opmerk. Ten eerste, die eerste vier verse hierdie laaste hoofstuk is nog deel van die openbaring van die Here wat die engel aan Daniël moes bring in antwoord op sy gebed waarvan ons in Daniël 10 gelees het. Die res van die hoofstuk is die laaste gesig wat Daniël gesien het nadat die engel die openbaring aan hom gegee het.

Ten tweede merk ons op dat daar in ons kernverse 'n geweldige sprong oor die tyd heen gemaak word. Vers 1 begin met die woorde **En in dié tyd ...** Hierdie aanduiding van die tyd gaan nog terug op die groot verdrukking wat Daniël se volk in die tyd van Anthiochus sal beleef. En net in die volgende twee verse word daar geprofeteer aangaande die opstanding uit die dood en die ewige bestemming van die gelowiges.

Daar is dikwels in die reeks prediking uit Daniël 11 daarop gewys dat die Heilige Gees aan Daniël duidelik maak wat in die toekoms met sy volk sal gebeur onder die regering van Anthiochus. Maar die Heilige Gees hou nie daar op nie. In die optrede van Anthiochus wys die Heilige Gees ook vir die kerk van die Nuwe Testamentiese tyd wat gaan gebeur in die tyd kort voor Christus se wederkoms.

Met hierdie openbaring van die Here aan sy profeet het Daniël die uitvoering van God se Raadsplan in die verre toekoms in gesien. Dit is soos wanneer ons snags na die sterre kyk en baie sien blink. Van waar ons staan, lyk die sterre almal ewe ver terwyl die sterre nie almal op dieselfde afstand van ons af is nie. Dieselfde gebeur wanneer 'n mens ver in die pad na bergreekse kyk. Van ver af lyk dit soos een reeks berge, want die kruine vorm 'n geheel. Maar hoe nader 'n mens kom, sien jy dat dit meer as een reeks berge is wat groot afstande van mekaar af is.

Van die tyd waarin Daniël geleef het en hy gekyk het na die toekoms wat die Here aan hom openbaar, het hy net die kruine van die bergreekse gesien. Daarom kon hy die profesie neerskryf asof die verlossing van sy volk en die opstanding van die dooies so naby mekaar is soos twee sinne wat op mekaar volg.

Broers, susters en kinders, in die profesie van Daniël 11 het ons verskriklike dinge gehoor – oorloë en gerugte van oorloë wat uitloop op die groot verdrukking in die tyd wanneer die Antichris heerskappy gaan voer. Selfs vers 1 van hierdie laaste hoofstuk herinner nog aan daardie groot verdrukking. Dit is die groot verdrukking van die gelowiges deur Anthiochus in 175 tot 164 vC. Die swaarkry van daardie tyd is nog net 'n voorprent van die groot verdrukking wat gaan kom vir die kerk van Jesus Christus wanneer die Antichris sy septer

swaai. In sy Profetiese Rede sê Jesus ook dat daardie tyd so erg sal wees soos wat daar nog nooit op die aarde was nie.

Wanneer 'n mens weer na die preke uit Daniël 11 luister kan dit in 'n stadium voel en klink asof swaarkry en verdrukking van die gelowiges al is wat vir die toekoms oorbly. Dit is soos wanneer 'n mens die boek Openbaring lees. In 'n stadium lyk dit so donker asof daar net geen ligstraal van hoop meer oor is vir die kerk nie. Die tyd wat ons tans in Suid-Afrika beleef is amper so iets. Hoeveel keer het dit in hierdie afgelope maande nie al vir jou gevoel of jy deur die slegte nuus oorweldig word nie. Elke dag is daar nog 'n geval van korrupsie wat oopgekrap is. Naderhand wil jy uitroep: Is daar dan geen goeie nuus meer nie?

Wie die Here ken, weet dat die toekoms nie so donker kan wees en bly nie. Die vyand van God en sy kerk kan tog nie die laaste woord hê nie. Die vyand het inderdaad nie die laaste woord nie. Die boek Daniël verkondig nie net die groot verdrukking van die kerk nie. In Daniël word die evangelie ook verkondig. Die evangelie is die blye boodskap van Christus se oorwinning oor die Bose, die sonde en die dood.

In hierdie laaste hoofstuk hoor ons die lied van verlossing wat gesing word met woorde wat klink asof dit uit die Nuwe Testament kom: **In dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak.**

Om die helder lig van die verlossing nog duideliker raak te sien herinner die Heilige Gees deur Daniël nog 'n keer aan die donker tyd: **Dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie.** Hierdie profesie sien op die tyd wat vir die Joodse volk sou aanbreek met Antiochus se bewind en verder die toekoms in tot by die heerskappy van die Antichris waaronder die kerk sal sug. Jesus het dit self ook so uitgespreek in sy Profetiese Rede. Aanvanklik praat Hy van die groot swaarkry wat sal aanbreek wanneer die Romeine Jerusalem verwoes in 70 nC en sonder onderbreking gaan Hy voort om te profeteer van die heel laaste dag wanneer Hy terugkom op die wolke van hemel.

Daardie dae van die groot verdrukking sal so donker wees vir die gelowiges soos wat dit nog nooit was op die aarde nie. Gelowiges sal nie meer as kerk van Christus bymekaar kan kom om mekaar te versterk nie. Openbare eredienste sal verbied word en die wat waag om 'n erediens te hou sal gedood word. Die mense wat die ware God aanbid, sal op elke manier geboikot word – hulle sal nie kan koop of verkoop nie, want hulle het nie die merk van die dier nie. Ontsettende tonele van Godslastering sal daagliks voor die kinders van God afspeel en orals sal Christene gemartel word omdat hulle nie die dier wil aanbid nie.

Maar hoe donker die weg ook al mag wees wat die Here vir sy kerk beskik, Hy sal sorg dat sy kerk nie beswyk onder die druk nie. In dié tyd sê die Here sal sy volk verlos word. Die verlossing is nie iets wat miskien of moontlik sal gebeur nie. Die verlossing is verseker – nie omdat die gelowiges so baie geloofsmoed en volharding sal hê nie, maar omdat Christus alle mag in die hemel en op die aarde het. Die gelowiges sal verlos word, want elkeen van hulle se name is in Christus se handpalms gegraveer.

Christus bewaar sy kerk deur aan haar middele te skenk sodat sy kan volhard tot die einde toe. Die middele waarmee die Heilige Gees werk om die kerk nou te bewaar is die Woord en die sakramente. Met die Woord wek Hy die geloof in Christus op in 'n dooie

sondaarshart. En met die Woord en sakramente voed en versterk Hy die geloof. As gelowiges moet ons hierdie middele wat die Here aan ons skenk buitengewoon waardeer, want daar gaan 'n tyd kom wanneer die middele verdring en verbied sal word.

In die tyd waaroor Daniël profeteer sal die Woord en sakramente nie meer bedien kan word nie, want die openbare eredienste sal nie meer bestaan nie. En in sulke buitengewone tye kom die Here sy kerk met buitengewone middele ook te hulp sodat die kerk nie onder druk sal beswyk nie. As alle weë na links en na regs afgesluit is en daar van voor of agter geen bystand is nie, bly die weg na bo nog altyd oop. **In dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree.** Die engel Mígael en die engele oor wie hy die aanvoerder is, het die spesiale opdrag om die kerk van die Here te beskerm.

Hoe die engele die gelowiges te hulp gaan kom, daarvan het Daniël niks gehoor om neer te skryf nie. Maar soos wat die bese geeste op 'n onsigbare wyse die wêreldse mense beïnvloed, so sal die heilige engele in die laaste dae die kinders van God besiel met bomslike geloofskrag. Deur sy engele sal die Here sy kinders versterk wanneer hulle die lydensbeker moet drink, soos wat Hy sy eniggebore Seun in die tuin van Getsemane deur engele versterk het om op die pad van uiterste vernedering te gaan.

Nooit moet gelowiges in 'n toestand van mistroostigheid verval en dink dat daar net bese magte in die lug is nie. Hulle is daar, ja, en hulle is baie sterk. Maar die Here sal nie sy hemelse leërskare – die heilige engele – werkloos rondom sy troon laat staan terwyl sy kinders soos slagskape behandel word nie.

Niemand van ons weet presies hoeveel keer die engele al die kerk en individuele gelowiges tot hulp gekom het nie. En hoeveel kere sal hulle nog in die toekoms die gelowiges versterk? Dit is nie te danke aan die engele se ywer dat gelowiges deur moeilike tye versterk word nie. Dit is te danke aan Christus wat elkeen bewaar wat sy Vader aan Hom gegee het. Op sy bevel kom die engele die gelowiges te hulp – nou en in die toekoms. En as dit dan gebeur dat 'n gelowige sterf in die aanslag van die bese gebeur dit nie omdat die engele nie teenwoordig was nie. Die engele is dan teenwoordig om daardie kind van God na die Here te bring in die hemel omdat sy stryd op aarde verby is.

Die mense wat deel het aan hierdie groot verlossing word deur Daniël gekwalifiseer – dit is **elkeen wat in die boek opgeskrywe staan**. Hierdie boek is die boek waarvan Jesus ook praat wanneer Hy praat van die boek in die hemel waarin die name van die verlostes neergeskryf is. Hierdie mense se name is al voor die skepping van die wêreld in die boek geskryf en God ken hulle as sy eiendom. Baie name in daardie boek is mense wat ons nie noodwendig as verlostes mense ag nie, want ons sien net die buitekant van 'n mens. Die Here sien egter binne-in die hart van die mens. En dié mense se name staan in die boek geskryf nie omdat hulle iets besonders gedoen het of omdat hulleself iemand besonders is nie. Hulle name staan daar geskryf omdat die bloed van Jesus Christus hulle van hulle son-des gereinig het. Daarom het geen gelowige enige rede om op homself trots te wees nie. Hy kan maar net dankbaar wees en roem in die Here wat ook aan hom genade betoon het.

Hierdie boek waarvan Daniël praat is in die hemel en vir ons onleesbaar. Maar hierdie boek het 'n afskrif hier op aarde waarin elkeen van ons kan lees – die Bybel. En elke keer wanneer die gelowige lees van 'n sondaar, dan sien hy sy eie naam daar geskryf staan, as hy waarlik glo dat Christus sy Verlosser is.

Daniël het ook die voorreg gekry om te hoor hoe groot die verlossing is wat die Here aan sy kerk gee. Luister net hoe sê die engel dit vir Daniël:

**En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgrylik.**  
(Daniël 12:2 AFR53)

In hierdie woorde hoor ons twee teenstellings om die grootheid van die verlossing vir ons verstaanbaar te maak. Daar is eers die teenstelling met die dood. Die wat in die stof slaap is die mense wat begrawe is toe hulle gesterf het. Daar dreun 'n eentonige troosteloosheid oor die aarde heen van die een graf na die ander wat gegrawe word. Skaars het die mense by die een graf hulle tranes afgedroog en weer hulle lewens hervat na die dood van 'n ge-liefde, of jy sien die tranes rol by 'n volgende graf.

Maar dan, sonder enige waarskuwing vooraf weerklink die stem van die aartsengel en die trompet van God. En daar gaan die grafte oop en almal wat gesterf het, staan uit die dood uit op. Vir die gelowiges sal dit 'n heerlike dag wees wat aanbreek, want dan is die laaste vyand – die dood – ook finaal deur Christus vir hulle oorwin. Wanneer daardie dag aanbreek, sal daar nooit weer vir hulle 'n aand aanbreek nie. En op dié dag sal hulle nie meer so ellen-dig lyk as wat hulle nou nog lyk nie. Hulle sal met die heilige wit klere daar staan – die wit klere is hulle regverdige daad wat hulle gedoen het in gehoorsaamheid aan hulle Here omdat die Heilige Gees hulle geregeer het.

Die tweede teenstelling is dit wat met die ongelowiges gaan gebeur by die wederkoms van Christus. Hulle sal ook opstaan uit die dood tot groot smaadheid. Vir hulle is daar net veragting en skande. Hulle kry nie 'n verheerlikte liggaam nie, maar hulle ou liggamme van sonde en wat dan volg is afgrylik. Dit is so erg dat die engel niks verder oor hulle sê nie.

Die opstanding uit die dood is nie die somtotaal van die groot verlossing nie. Daar bly nog oor wat in vers 3 geskryf staan:

**En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.** (Daniël 12:3 AFR53)

Die verstandiges is gelowiges wat geluister het toe die Here hulle geroep en hulle vermaan het. Hulle het die Here gevolg soos wat Hy hulle geleer het en hulle het hulle lewens ingerig volgens sy Woord. Dit is ook hulle wat met hulle daad en woorde vir ander tot voorbeeld was en hulle naaste vir Christus gewen het. Hulle skitter soos die glans van die uitspansel en soos die sterre vir ewig en altyd. Uiteindelik en vir ewig sal die beeld van God volmaak in die gelowiges herstel wees sodat hulle ware weerspieëling sal wees van die Here aan wie hulle behoort. Hulle word nie soos God nie – hulle sal volmaak beeld van God wees. En die skitterglans van God se beeld sal nooit ooit weer in hulle uitgedoof kan word nie – want daar sal nie meer sonde wees nie.

Wat 'n heerlike einde het die engel nie vir Daniël gewys nie! Die donker van swaarkry onder die aanslae van die duiwel en sy ewe onheilige trawante – die Antichris en die valse profeet – sal nie vir ewig duur nie. Die tyd wat daardie uiters moeilike tyd gaan duur is vasgestel deur God. En as die laaste sekonde van daardie tyd afgetik het, breek die heerlike einde vir God se kinders aan. Dit is 'n heerlike einde wat geen einde gaan hê nie, want dit hou vir ewig aan.

**Amen!**

Slotgebed

## Skrifberyming 7-2:1, 2

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!  
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.  
Buite bly die bose staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!
- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.  
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / “Einde van die nag!”  
En die Gees en bruid roep uit: / “Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!”

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

## Katkisasieopening

### Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
22 Oktober 2017